

Oudregter-president CF Eloff: 25 jaar as regter

Die redakteur gesels met regter CF Eloff wat op 31 Desember 1998 na 'n dienstrydperk van 25 jaar, waarvan bykans agt jaar as regter-president van die Transvaalse Provinsiale Afdeling, uitgetree het.

U is 'n Pretorianer in murg en been. Benewens u loopbaan as advokaat en regter was u ook aktief op vele gebiede van die Pretoriase openbare lewe soos blyk uit die lewenskets wat in 1999 MaartConsultus verskyn het. Watter openbare aktiwiteite het u na aan die hart gestaan?

In die eerste instansie dink ek hier aan my rol as voorsitter van die Pretoriase Balie en as 'n lid van die Algemene Balieraad van Suid-Afrika. Dit het geskied op 'n tyd toe die Balie besig was om na buite te kyk en ook deel te hê aan die aktiwiteite van die International Bar Association. Die Pretoriase Balie was lid daarvan en ek het drie jaarvergaderings in Europa en Amerika bygewoon. Die ander aktiwiteit wat na aan my hart gestaan het, was dié as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging van Transvaal.

U het 25 jaar as advokaat ge-praktiseer in die Pretoriase Balie. Wat is u mening vandag oor die rol van die advokaat en die Balie? Enige kommentaar oor die De Freitas- en Van der Spuy-uitsprake?

Ek voel sterk daarvoor dat die Balie steeds as 'n aparte instansie moet funksioneer, en dat advokate slegs in hofsake moet optree na verwysing deur prokureurs. Die De Freitas- en Van der Spuy-beslissings moet nagevolg word. In my advokaatsdae het ek dikwels aan debatte oor die onderwerp deelgeneem. Indien daar ooit weggedoen word met die skeiding tussen die twee professies, sal daar steeds 'n groep gespesialiseerde gedingvoerders wees wat *de facto* as 'n Balie sal optree, soos in die staat Victoria in Australië.



Oudregter-president CF Eloff

U het self die "klassieke" pad geloop van eers kwalifiseer as prokureur en daarna aangesluit by die Balie. Meen u dat dit wenslik is dat voornemende advokate eers ervaring in ander rigtings opdoen? Is blote pupilskap – waarvoor u u persoonlik beywer het – voldoende?

Ek dink dat die aspirant-advokaat homself 'n guns bewys indien hy eers as aspirant-prokureur gaan werk. Blote pupilskap is nie noodwendig voldoende nie. Ek was, in die tyd toe ek gepleit het vir die daarstelling van die sisteem van pupilskap, ten gunste daarvan dat die termyn ses maande behoort te wees. Ek meen die huidige vyf maande tydperk is nie voldoende nie.

Ek dink dat die tendens om aanvullende kursusse aan te bied vir die behoorlike opleiding van advokate ondersteun moet word. Ek het hier in gedagte die rol wat gespeel word deur die Engelse Balie om aspirant-advokate op te lei.

Wat beskou u as belangrike vereistes vir die voorbereiding van voornemende advokate vir hulle beroep?

Ek dink dat die voorbereiding van advokate oor die algemeen voldoende is. Ek dink dat 'n advokaat toegerus behoort te wees met 'n LLB-graad en dat hy 'n pupilskap moet deurgaen, en die Balie-eksamens moet slaag.

Is daar enige hoogtepunte in u werk as regter of ontwikkelings rakende die regbank gedurende u diens-termyn wat u kan uitlig?

Een hoogtepunt was my termyn as waarnemende appèlregter. Ek het dit interessant gevind, alhoewel ek aan die einde daarvan tog verkies het om 'n gewone regter in die Provinsiale Afdeling te wees. Ek wil ook verwys na my rol in die daarstelling van die Komersiële Hof in Johannesburg. Die Hoexter-kommissie gaan hopelik statutêre beslag gee aan wat ek reeds by wyse van praktiese reëlins verrig het. Ek dink dat daar ook gekyk moet word na groter spesialisasie in regterswerk.

Die regbank het nog nooit voorheen so dikwels in kritiese spervuur gestaan nie. Wat is u mening oor die wenslikheid daarvan dat die regbank, hofuitsprake en dikwels ook individuele regters in die openbaar gekritiseer word?

Dit is onvermydelik dat daar kritiek sal wees teen individuele regters en hulle uitsprake. In Engeland word dit ook so gesien. Die enigste beperking wat gestel moet word, is dat die kritiek billik moet wees en nie toegepits moet wees op die

individueel nie, maar eerder op sy werk en sy uitspraak.

'n Regter het onlangs gesê dat die regbank ook behoort deel te neem aan die debat oor sy struktuur, rol en toekoms.

Ons nader 'n tyd wanneer debat oor die struktuur van die regbank aangewese gaan wees. Dit sal paslik wees vir regters om deel te hê aan die debat.

U mening oor die wyse van aanstelling van regters deur die Regterlike Dienskommissie. Behoort die regbank nie self meer betrokke te wees nie, veral met inagneming daarvan dat die huidige Regterlike Dienskommissie eintlik uit 'n meerderheid politici bestaan?

Ek dink dat die daarstelling van 'n instansie soos die Regterlike Dienskommissie onafwendbaar was, maar ek voel sterk daarvoor dat die Regterlike Dienskommissie uit regsgeleerdes moet bestaan – regspraktisyns, regters, die hoofregter, die regters-president en so meer. Ek meen dat politici tans die Regterlike Dienskommissie oorheers. Ek dink dat persone wat nie regspraktisyns of regters is nie, nie in staat is om te oordeel wat die kwalifikasies behoort te wees van 'n regter nie. Ek vrees dat die huidige praktyk van openbare onderhoude en kommentaar deur die pers 'n negatiewe effek tot gevolg gehad het. 'n Groot aantal advokate wat goeie regters sou wees, laat hulle afsit deur die huidige sisteem.

Soos vermeld, is die Kommersiële Hof in Johannesburg op u inisiatief ingestel. Meen u dat daar groter behoefte aan spesialisasie is? 'n Mens dink aan die familiehowe, die aanstelling van meer streekhoflanddroste as regters vanweë hulle kennis van die strafreg, die aanstelling van regslui van buite die Balie as regters, soos tewens reeds gebeur.

Ek begin deur die laaste komponent van die vraag te beantwoord. Ek dink dat regters aangestel behoort te word nie alleen uit die groep van senior advokate nie, maar ook uit die groep van prokureurs mits hulle redelike ondervinding

gehad het in die regspraktyk. Ek dink dat 'n persoon wat 'n suiwer akademikus is, dit moeilik gaan vind om aan te pas by regswerk. Landdroste is merendeel geskool in strafreg en het nie die agtergrond om as regter aangestel te word nie. Ek dink dat daar goeie rede is om te dink aan spesialisasie van die aard wat ek in gedagte gehad het toe ek die Kommersiële Hof daargestel het. Ek moet net byvoeg dat, net soos in Brittanje, moet regters wat op die Kommersiële Hof sit, ook ander regswerk verrig. 'n Regter van die Kommersiële Hof in Londen sal byvoorbeeld op rondgang gaan en strafwerk doen. In Engeland is daar familiehowe en daar is sprake dat regters in Suid-Afrika moet spesialiseer in hierdie soort werk. Dit is onaanvaarbaar dat 'n regter net familie-sake bereg. Een van die aantreklikhede van regterswerk is die wye verskeidenheid werk wat 'n regter doen.

Hoe voel u oor transformasie van die regbank? Stem u saam dat daar gebruik gemaak word van tydelike aanstellings om as sif te dien en ervaring op te doen soos wat in die Kaapse hof blykens die pers gebeur? Is u tevrede met die manier waarop tydelike aanstellings geding word?

Ek dink dat die huidige sisteem voldoende is. Ek is nie op die hoogte met wat presies geskied in ander afdelings nie, maar in die Transvaalse Afdeling was die keuse van aanstelling van waarnemende regters dié van die regter-president. In die agt jaar wat ek regter-president was, het ek altyd self besluit wie aangestel moet word as waarnemende regters. Daar is heelwat te sê ten gunste van tydelike aanstellings: in die eerste instansie dien dit die doel om te besluit of die betrokke persoon geskik sal wees om 'n permanente aanstelling te hê; in die tweede instansie dien dit ook die doel om die betrokke persoon in staat te stel om self te oordeel of dit die soort werk is wat hy wil doen. Transformasie van die regbank moet geskied, maar slegs indien die betrokkenes geskik is om regters te word.

Stem u saam dat landdroste eintlik as laerhofregters beskou moet word

en ook meer onafhanklikheid moet geniet?

Ek onderskryf die idee dat die landdroste groter onafhanklikheid moet geniet, maar ek voel baie sterk daarvoor dat daar 'n duidelike skeiding behoort te wees tussen die rol van regters en landdroste. Om na 'n landdroste te verwys as laerhofregters gaan ongelukkig 'n persepsie meebring wat nie gewens is nie. Dit is eenvoudig 'n feit dat die hooggeregshofbank gesien word as dié bank wat belangrike sake hanteer en wie se uitsprake deurslaggewend is.

Is u ten gunste van die Engelse stelsel waarvolgens regters uit die geleedere van ervare praktisyns aangestel word teenoor die vastelandse stelsel, soos in Duitsland en Nederland, waarvolgens juriste van meet af aan 'n regtersloopbaan volg?

Ek is ten gunste van die behoud van die sisteem soos die Engelse dit beoefen. Die kontinentale sisteem het as element dat 'n persoon 'n loopbaan begin as aspirantregter en geleidelik groei en groei totdat hy miskien 'n hoë status kan geniet. 'n Sisteem soos ons s'n het homself as goed bewys en het gelei tot die aanstelling van die beste persone as regters.

Stem u saam met 'n onlangse stelling van die Minister van Justisie dat die aanspreekvorm van regters in ooreenstemming met dié van die Grondwetlike Hof gebring moet word en dat die huidige aanspreekvorm van regters eintlik, soos dit gestel is, "artificially glorifying" is?

Ek stem nie saam dat daar "artificial glorification" is deur die regters aan te spreek soos dit tans die geval is nie. Die huidige aanspreekvorm is al vir baie, baie jare met ons – en ek dink nie dat daarmee weggedoen behoort te word nie. Ek dink dat voordat die aanspreekvorm gewysig word soos die Minister in gedagte het, moet die onderwerp eers heelwat meer debatteer word.

Die gebruik van Afrikaans as hoftaal en dan ook as 'n taal van rekord in

die hof het nou onlangs weer te berde gekom.

Ek dink dat Afrikaans as hoftaal behoort te word. Die realiteit is dat 'n groot aantal regspraktisyns en litigante Afrikaanstalig is, dat dit 'n sisteem is wat ons vir jare mee gewerk het en ek dink dat daar geen rede is om daarmee weg te doen nie.

Wat is u mening oor die opleiding van nuwe regters? Daarbenewens is daar ook sprake van die voortgesette opleiding van regters.

Daar is geen substituuat vir ondervinding by die aanstelling van regters nie. Enige opleiding kan alleen 'n matig bydrae lewer tot die behoorlike kwalifikasie van 'n regter.


Daar bestaan nie in Suid-Afrika op die oomblik 'n struktuur wat klagtes teen regters hanteer nie. Dink u dat 'n struktuur die regters-president in staat sal stel om sodanige klagtes beter te hanteer?

Tans is die situasie dat enige klagte teen regters deur die regters-president en in enkele gevalle deur die hoofregter hanteer word. Ek praat natuurlik van klagtes wat nie van so 'n aard is dat daar sprake is daarvan om die regter van sy amp te verwyder nie, maar klagtes van 'n mindere aard. Dié sisteem het goed gewerk. Daar is egter 'n sterk gevoel dat daar 'n formele struktuur behoort te wees om klagtes van hierdie aard te hanteer. Daardie struktuur behoort nie die Regterlike Dienskommissie te wees nie vanweë die feit dat dit tot 'n groot mate bestaan uit politici. So 'n struktuur behoort alleenlik te bestaan uit regters – ek het in gedagte die hoofregter en die president van die Konstitusionele Hof en twee of drie regters-president. In Brittanje word klagtes teen regters hanteer deur die Lord Chancellor en die enigste remedie wat hy aanwend is 'n berisping van die betrokke regter. Die keuse wat hy het, is om 'n berisping privaat te doen of om dit openbaar te maak.

In verband met die kwessie van klagtes en kritiek teen regters, wie meen u moet namens regters praat?

Ek dink nie dat daar werklik behoefte is vir iemand om namens die regter te praat nie. Hy is toegerus om namens homself te praat.

Meen u dat, in die lig van die heersende beklemtoning van menseregte in Suid-Afrika, regters oor die algemeen voldoende sensitiwiteit aan die dag lê oor sake rakende ras, geslag en godsdiens?

Die antwoord is ja. Selfs voor 1994 was regters in Suid-Afrika toegespits op menseregte, en het hulle sensitiwiteit aan die dag gelê oor sake rakende ras, geslag en godsdiens. 

Erratum:

Regter CF Eloff, uitgetrede regter-president van die Transvaalse Provinsiale Afdeling, se geboortedatum is 31.01.1925 en nie 31.06.1925 soos berig in die Maart-uitgawe nie.

Trevor Foster

Financial Investigations

Litigation Support • Strategic Tax Advice

Breach of Contract • Business Interruption • Business Valuations • Child and Spousal Support • Companies Act Enquiries • Construction Claims Consulting • Copyright, Trademark and Trade Secret Cases • Cost Estimation • Damage Assessment • Discovery • Fraud and Embezzlement • Incremental Cost • Investigative Accounting • Liquidations/Insolvencies • Lost Earnings • Lost Profits • Marital Dissolution - Tracing/Appportionment of Assets • Patent Infringement • Tax • time Value of Money

TREVOR FOSTER

B. Com. (Rand) C.A. (S.A.) (Honours) Taxation (Cape Town)

48 Francolin Road Camps Bay Cape Town 8001 Tel. (021) 438 1144 Fax (021) 438 5655